

RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE FREYSEN-STAMBOOM

1. Sleutel

1,2,3 ens.	Die Stamvader het 'n een voor sy naam om aan te toon dat hy die eerste geslag in die land was. Sy kinders was die tweede geslag; en sy kleinkinders die derde geslag; ensovoorts.
+	Die plus voor 'n persoon se naam dui op 'n huwelik met die betrokke afstammeling. Al die kinders wat uit dié betrokke huwelik gebore is, word direk daarna aangetoon. Indien die afstammeling meerdere kere getroud was, sal die kinders ná elk van die huweliksmaats genoem word.
{B1C3}	Die stamnommer word soos volg saamgestel: {A} is die stamvader. {B1} is sy eerste kind. {B1C3} is die derde kind van B1. Stamnommers word aan alle gebore Freysens toegeken. Dit impliseer dat Freysen-dogters ook 'n stamnommer sal kry. Haar kinders sal 'n ander familienaam hê en behoort na regte nie 'n stamboomnommer te kry nie.
g.	Gebore
o.	Oorlede
“Lang Karel”	Waar 'n naam tussen aanhalingstekens aangetoon word, verwys dit na 'n noemnaam (anders as die doopnaam) waaronder die persoon bekend gestaan het.

2. Naamindeks

Aan die einde van die stamboom (tans p.22) is daar 'n naamindeks.

1. Om 'n spesifieke persoon te vind, soek jy eers die VAN (wat alfabeties georden is) op.
2. Daarna soek jy die betrokke NOEM-/DOOPNAAM op (die geboortedatum mag help waar daar meerdere persone met dieselfde name is).
3. Blaai na die betrokke BLADSY en vind die betrokke persoon en waar hy/sy in die stamboom inpas. Waar daar twee bladsynommers na 'n persoon se naam verskyn, sal die betrokke persoon se inligting op beide bladsye verskyn. Dit gebeur gewoonlik wanneer twee Freysens met mekaar trou.

3. Regstellings en opdaterings

Daar is 'n sterk moontlikheid dat inligting in die databasis nie volledig is nie, of dat daar dalk foutiewe inligting in die databasis opgeneem is. Om die inligting op te dateer of reg te stel, word u vriendelik versoek om 'n [Gesinsuitlegvorm](#) af te laai en dit met die opgedateerde/korrekte inligting daarop te voltooi. Die voltooië vorm kan gestuur word na: freysen.johan@gmail.com. Indien daar enige navrae is oor die voltooiing van die vorm, kan Johan gekontak word by: +27(0)82 805 5330.